## 24 Maart      Deuteronomium 3:21-29 (3:25, 26)

### *Onverhoorde gebede?*

Worstel u ook met u gebede wat God nie verhoor nie? Moses het ook daarmee geworstel. Duidelik sê hy dat God nie sy gebed verhoor het nie (vers 26). Hoekom nie? Dit was as straf op sy ongehoorsaamheid dat hy nie die beloofde land kon binnegaan nie.

Moses bid vir 'n saak waaroor die Here klaar met hom gepraat het. "Moenie weer met My oor hierdie saak praat nie", het die Here vir hom gesê. En as Moses weer daaroor bid, dan is dit mos teen die wil van die Here. Dan is hy mos ongehoorsaam. Hy bid vir 'n verkeerde saak. So kan ek nie bid dat die Here my moet help om 'n bank te gaan beroof nie. Dit is 'n verkeerde saak en Hy sal my nie help nie. In die wet leer ek mos dat steel teen die wil van die Here is.

As ons bid vir 'n regte saak wat in ooreenstemming met God se wil is, sal Hy ons gebede verhoor. Op sy tyd en manier. Moses se gebed was skynbaar onverhoord. Eeue later staan hy saam met Christus en Elia op die berg van verheerliking in die beloofde land. Moses wou net die land sien, maar nou staan hy binne in die land. God verhoor ons gebede. Wel anders, maar veel beter as wat ons wil. Hy is alwys en weet daarom presies wat ons wanneer nodig het. Ons kan al ons nood, wat dit ook al mag wees, hoe groot of klein ook al, in gebed na God toe neem. Christus is ons waarborg dat God ons gebede verhoor.

Sing: Skrifberyming 28b                    Ds. W. Vogel (Welkom)